

## INLEIDING

Tot op datum het daar nog geen studie verskyn waarin gepoog is om die lig op die Jerusalemgangers te laat val nie. Weliswaar is daar werke waarin na hierdie mense en hul opvattinge verwys is. Sodanige verwysings was egter nooit uitgebreid of diepgaande nie.

In *De Worstelstrijd der Transvalers* behandel F. Lion Cachet die Jerusalemgangers by wyse van 'n voetnoot van agtien reëls. <sup>(1)</sup> Ook J.H. Malan bring in sy *Die Opkoms van 'n Republiek* die aangeleentheid in slegs twee bladsye na vore en dan ook soos Cachet, net in 'n voetnoot. <sup>(2)</sup> G.S. Preller wy in *Andries Pretorius* ongeveer een bladsy aan hierdie onderwerp. <sup>(3)</sup>

Van kerklike kant verwys A. Moorrees in *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873* eweneens in ongeveer 'n bladsy na hierdie mense. <sup>(4)</sup> Hierbenewens het G.B.A. Gerdener in sy werk *Ons Kerk in die Transgariëp Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal* op drie verskillende plekke die aandag op die Jerusalemgangers gevestig, telkens in 'n halwe bladsy. <sup>(5)</sup> Ook G.D. Scholtz laat die soeklig in enkele reëls op die Jerusalemgangers val in sy werk *Die Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885*. <sup>(6)</sup>

Van die kant van die Nederduitsch Hervormde Kerk het S.P. Engelbrecht in *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* die Jerusalemgangers kortliks behandel, <sup>(7)</sup> asook ietwat meer uitgebreid in vyf bladsye in die *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 1947. <sup>(8)</sup> B. Spoelstra, geskiedskrywer van die Gereformeerde Kerk, behandel die Jerusalemgangers in drie bladsye in sy *Die "Doppers" in Suid-Afrika 1760-1899*. <sup>(9)</sup>

Wat gemeentegeskiedenis betref, is die oes ook maar skaal. So het die *Euufesblad van die Neder. Geref. Gemeente Zeerust* die geskiedenis van die Jerusalemgangers in een bladsy saamgevat. <sup>(10)</sup> Die gegewens daarin kom grootliks uit die boek van J. du Plessis oor Andrew Murray en die artikels van T.N. Hanekom oor hierdie beweging, waarby ons netnou sal stilstaan. H. Rex in *Voorgeskiedenis en Geskiedenis Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico)* verwys ook in die verbygaan na die Jerusalemgangers maar slegs in 'n enkele bladsy. <sup>(11)</sup>

Met betrekking tot Nylstroom, is dit opvallend dat die *Eu- feesbrosjure van die Ned. Geref. Gemeente Waterberg 1860-1960* nie 'n enkele verwysing na die Jerusalem-gangers bevat nie.<sup>(12)</sup> Dieselfde geld van die *Eu feesgedenkalbum van die Ge- reformeerde Kerke in die Klassis Waterberg 1859-1959*.<sup>(13)</sup> In *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Waterberg 1865-1965* bestee A.D. Pont egter 'n bladsy aan die Jerusalem-gangers.<sup>(14)</sup> Die feesboek van die Nylstroomse Stadsraad: *Nylstroom 1866-1966*<sup>(15)</sup> gee ook net 'n baie vlugtige verwysing na die Jerusa- lem-gangers.

Kyk ons na wat koerante van ons tyd met betrekking tot die Jerusalem-gangers gegee het, is hier ook nie baie insiggewende gegewens te vinde nie. Die mees uitgebreide is maar 'n enkele kolom in *Die Transvaler* van 25 Augustus 1956 onder die op- skrif "Die Pad van die Jerusalem-gangers".<sup>(16)</sup>

Met ensiklopedieë is dit ook nie beter gesteld nie. So het D.F. Kokot in sy bydrae "Nylstroom" in die *Standard Encyclo- paedia for Southern Africa* na Enslin en sy mense verwys. Hy plaas die optrede van Enslin egter in die 1860's terwyl Enslin reeds in 1852 oorlede is.<sup>(17)</sup> Dieselfde geld van E. Rosenthal se *Encyclopaedia of Southern Africa*, waar hy die stigting van Nylstroom verkeerdelik in 1864 stel.<sup>(18)</sup> In sy bespreking van die herkoms van die naam Nylrivier in 'n *Ondersoek na die Oor- sprong en Betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviername 'n Histories-taalkundige Studie* het E.J. du Plessis ook slegs on- geveer een bladsy aan die Jerusalem-gangers gewy.<sup>(19)</sup>

Populêre werke soos dié van T.V. Bulpin se *Storm over the Transvaal*<sup>(20)</sup> en Lawrence Green *In the Land of Afternoon*<sup>(21)</sup> bied uiteraard ook maar min oorspronklikes. Dit geld ook 'n arti- kel oor "Die Jerusalem-gangers" in die *Kwartaalblad van die Potchefstroomse Onderwyserskollege E-N-A-N* van 1948.<sup>(22)</sup>

In meegaande studie, word die resultaat aangebied van 'n ondersoek na die ontstaan, wese, ontwikkeling en einde van die Jerusalem-gangers. Aandag word geskenk aan strominge in die Swartbergwyk wat waarskynlik aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van hierdie gedagterigting. Ook is gelet op die verskillende persone wat in leiershoedanighede opgetree het en die aandeel wat hulle in dié verband gehad het.

Heel waarskynlik het die baie ander belangrike gebeurte- nisse van destyds soos die wapenbotsings met die Britse ower- heid en die stryd met die swart bewoners van sommige dele

van die land, daartoe meegewerk dat hierdie onderwerp nie die aandag van tydgenote ontvang het wat dit behoort te geniet het nie. Dit blyk o.a. uit die mededelings van H.T. Bührmann in dié verband.<sup>(23)</sup> Hy maak wel melding van die roeringe by die Jerusalem-gangers rondom die koms van besoekende predikante vanuit die Kaap, maar dit word dadelik oorskadu deur die belangrikheid van die ander aangeleentheid waarmee hy besig was.

Eintlik is ds. A. Murray die enigste persoon wat behoorlike aandag aan die Jerusalem-gangers geskenk het. Hy was immers dié man wat hulle die beste geken het vanweë die verskillende besoeke wat hy aan hulle gebring het. Daarom dat hy dan die moeite doen om met hulle in disputasies verwickeld te geraak. Hy deel dan ook aan sy vader heelwat mee van sy ondervindinge tussen die Jerusalem-gangers. Hy ag dit ook van sodanige belang dat hy in sy verslag die Sinode dienaangaande op die hoogte bring, soos blyk uit *De Gereformeerde Kerkbode*.<sup>(24)</sup>

Dit is ongelukkig so dat behalwe die mededelings van Murray en sy reisgenoot, ds. J.H. Neethling, daar nie veel eers-tehandse kennis van die Jerusalem-gangers oorgebly het nie. Dat K.J. de Kok in sy boekie *Toen en Thans*<sup>(25)</sup> en *Empires of the Veld*<sup>(26)</sup> twee kort hoofstukke aan die Jerusalem-gangers gewy het, moet in die lig van die karige beskikbare gegewens, as 'n gelukkige omstandigheid beskou word.

Afgesien hiervan het James Chapman in sy reisbeskrywings waardevolle bykomende feite na vore gebring, hoewel hy hom natuurlik meer toegelê het op sy persoonlike ervarings met betrekking tot die jagveld.<sup>(27)</sup> Ook die reisiger Thomas Baines gee 'n paar waardevolle besonderhede oor die Jerusalem-gangers.<sup>(28)</sup>

Die lees van drie artikels in *Die Kerkbode* van 1949, het as aanleiding en prikkel gedien tot die navorsing in verband met die Jerusalem-gangers wat hiermee aangebied word. In die uitgawe van 26 Januarie 1949 het ds. A.J.V. Burger die verskynsel van die Jerusalem-gangers op interessante wyse na vore gebring, onder die opskrif: "Die Klein Kaptein 'n Skets uit die Kerkgeskiedenis van 'n Honderd Jaar Gelede."<sup>(29)</sup> Dit het wye belangstelling meegebring, met die gevolg dat T.N. Hanekom in die uitgawes van 9 en 16 Maart 1949 die saak verder gevoer het, met as opskrif: "Die Jerusalem-gangers".<sup>(30)</sup> Genoemde twee artikels is in 'n groot mate gebaseer op die gegewens wat

gegee is in *De Gereformeerde Kerkbode* of in *Het Leven van Andrew Murray*.<sup>(31)</sup> Dit verdien dan ook vermelding dat J.D. Nelson, 'n teologiese student, onder leiding van T.N. Hanekom as sy professor, in 1963 'n klasskripsie geskryf het met as titel "Die Jerusalem-gangers".<sup>(32)</sup> Dit het skaars 13 bladsye in groot drukskrif beslaan en was grootliks maar net 'n weergawe van T.N. Hanekom se artikels.

Aan die begin van hierdie navorsing oor die Jerusalem-gangers, het dit spoedig geblyk dat hul optrede, dryfvere en lotgevallen, baie beter verstaan kon word indien ook aandag geskenk word aan die optrede van hul leier, Johan Adam Enslin. Skrywer hiervan het dan ook meer en meer aandag hieraan gegee met die gevolg dat verskeie waardevolle en insiggewende fasette na vore gebring kon word. Mettertyd het dit dan ook duidelik geword dat hierdie studie nie net die Jerusalem-gangers in oënskou neem nie, maar ook waarskynlik die eerste biografiese studie van Johan Adam Enslin meegebring het. Daarom dat die naam dan ook uitgebrei is na: *Die Jerusalem-gangers met besondere verwysing na J.A. Enslin*. Daarmee het ook opnuut duidelik aan die lig gekom die noue verband wat dikwels bestaan tussen gewone of algemene geskiedenis en kerkgeskiedenis.

In verband met Enslin, was dit nodig om sy herkoms na te gaan en hier het die argiewe van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Kaapstad, die belangrike basiese gegewens gelewer. Dit is aangevul met besonderhede uit die *Opgaafrollen*, terwyl op 'n wenk van prof. C.F.J. Muller, die kriminele sake nagegaan is. Dit het meegebring dat Enslin se dagvaarding op grond van aanranding, aan die lig gekom het, asook die daaropvolgende afstap van die hele aangeleentheid.<sup>(33)</sup>

Gegewens oor Enslin se optrede in Natal was uiters skraal met die gevolg dat sy bewegings in dié provinsie ietwat in die duister is. Besonderhede oor Enslin se optrede in die Vrystaat rondom Boomplaats, kon verkry word uit die briewe van die resident in Bloemfontein aan die goewerneur.<sup>(34)</sup> Niks bykomstig is opgelewer deur 'n besoek aan die Vrystaatse Argief nie. Besonderhede oor sy optrede in Transvaal, was opgeteken in die verskillende gedrukte bronne wat dan ook met vrug geraadpleeg kon word.

Waardevolle gegewens kon ook opgespoor word in *The Gra-*

*ham's Town Journal, De Zuid-Afrikaan en The Friend of the Orange River Sovereignty.*

Mettertyd het 'n paar mondelinge gegewens en mededelings ook geblyk waardevol te wees. Hier kan genoem word dié van mnr. Joost Heystek, oud-L.V. vir Waterberg (Nylstroom) wat ook in Nylstroom gebore is en daar opgegroeï het. Sy ouma, Johanna Petronella de Beer, was eers getroud met Johannes Jacobus Enslin, 'n seun van die leier van die Jerusalemgangers. Na sy dood in 1864, is sy weduwee getroud met mnr. Heystek se oupa, Hendrik Johannes Smit. Ook mnr. J. du Plessis de Beer van die plaas Tweefontein, Nylstroom,<sup>(35)</sup> 'n afstammeling van Jerusalemganger Z.J. de Beer, het belangrike aanvullings gegee. Dieselfde geld ook van mnr. Jan Trichardt van Thabazimbi, wat self met 'n nooi Enslin getroud was.

Die familie Roos wat vandag op die plaas Meseg (Mezeg), te Enselsberg, woon, en ook verwant is aan J.A. Enslin, het 'n dokument met familiebesonderhede gehad. Ongelukkig het iemand dit by die familie ter insae geleen en verlore laat gaan. Ten spyte van talle pogings deur my aangewend om dit op te spoor en terug te kry, kon dit nie gevind word nie. Mnr. P.J. Coetzee van Enselsberg het ook toeligtings op die Enslinfamilie gegee.

Die belangrikste en mees volledige mededelings kon ek egter van mnr. en mev. J.A. Enslin van Clubview, Pretoria, verkry. Mnr. Enslin, soos later sal blyk, is 'n direkte afstammeling van Johan Adam Enslin. In 'n Familiebybel in hul besit, is feitlik al die genealogiese gegewens in verband met die Transvaalse geslag van J.A. Enslin opgeteken. Van besondere belang is 'n dokument wat opgestel is deur die skoondogter van Johan Adam Enslin, Jacomina Elisabeth Enslin, gebore De Beer. In haar netjiese handskrif het sy waardevolle gegewens vir die nageslag en ook die navorser bewaar.

Met gebruikmaking van die reeds-genoemde gegewens en ook ander, soos mettertyd sal blyk, het dit tog moontlik geword om 'n uiteensetting te verkry van die hele gedagte-wêreld van die Jerusalemgangers. Gepaard hiermee, kon ook 'n taamlik volledige lewensbeeld van die leier van die Jerusalemgangers, Johan Adam Enslin, saamgestel word. So werp hierdie studie meer lig op 'n interessante faset van die vaderlandse geskiedenis en word die onbekende verlede meer bekend.

- 1) F. Lion Cachet: *De Worstelstrijd der Transvalers aan het Volk van Nederland verhaald*, p. 376, vn. 1.
- 2) J.H. Malan: *Die Opkoms van 'n Republiek*, pp. 495-496.
- 3) G.S. Preller: *Andries Pretorius*, pp. 394-395.
- 4) A. Moorrees: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873*, p. 748.
- 5) G.B.A. Gerdener: *Ons Kerk in die Transgariëp Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal*, pp. 51, 59 en 61.
- 6) G.D. Scholtz: *Die Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885*, p. 56.
- 7) S.P. Engelbrecht: *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, (1953), p. 65.
- 8) S.P. Engelbrecht: "Die Jerusalemgangers", in *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 1947, pp. 61-65.
- 9) B. Spoelstra: *Die "Doppers" in Suid-Afrika 1760-1899*, pp. 115-118.
- 10) S.J. Joubert: *Eupeesblad van die Neder. Geref. Gemeente Zeerust*, p. 11.
- 11) H. Rex: *Voorgeskiedenis en Geskiedenis Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico)*, p. 146.
- 12) J.H. Martinson (red.): *Eupeesbrosjyre van die Ned. Geref. Gemeente Waterberg 1860-1960*.
- 13) H.J. Venter e.a. (reds.): *Eupeesgedenkalbum van die Gereformeerde Kerke in die Klassis Waterberg 1859-1959*.
- 14) A.D. Pont: *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Waterberg 1865-1965*, p. 13.
- 15) Nylstroomse Stadsraad: *Nylstroom 1866-1966*, p. 24.
- 16) *Die Transvaler*, 25.8.1956. Vir ander koerantartikels sien P.E. Raper: *Bronnegids vir Toponimie en Topologie, Naamkundereeks nr. 5*, p. 152.
- 17) D.F. Kokot: "Nylstroom", in D.J. Potgieter (ed.): *Standard Encyclopaedia for Southern Africa VIII*, p. 265.
- 18) E. Rosenthal: *Encyclopaedia of Southern Africa*, (Sixth Edition), p. 406.
- 19) E.J. du Plessis: 'n Ondersoek na die Oorsprong en Betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviername 'n *Histories-taalkundige Studie*, p. 268.
- 20) T.V. Bulpin: *Storm over the Transvaal*, p. 24.
- 21) L. Green: *In the Land of Afternoon*, p. 146.
- 22) J.J. Snyman: "Die Jerusalemgangers" in *Kwartaalblad van die Potchefstroomse Onderwyserskollege, E-N-A-N*, Jaargang 3, no. 1, pp. 23-24.
- 23) B.36, H.T. Bührmann, mededeling, ongedateerd (Bührmannversameling, Verslae, amptelik), p. 12 (T.S.A.).
- 24) *De Gereformeerde Kerkbode*, 1850, pp. 85 e.v. en 1851, pp. 61 e.v.
- 25) Een Hollander (K.J. de Kok): *Toen en Thans*, pp. 5-9.
- 26) K.J. de Kok: *Empires of the Veld*, pp. 193-198.
- 27) J. Chapman: *Travels in the interior of South Africa 1849-1863. Hunting and Trading Journeys. From Natal to Walvis Bay & Visits to Lake Ngami & Victoria Falls I*, p. 29 e.v.
- 28) T. Baines: *The Gold Regions of South Eastern Africa*, facsimile reproduction of the 1877 edition, pp. 66-67, 83.
- 29) A.J.V. Burger: "Die Klein Kaptein 'n Skets uit die Kerkgeskiedenis van 'n Honderd Jaar Gelede", in *Die Kerkbode*, 26.1.1949, pp. 227-230.
- 30) T.N. Hanekom: "Die Jerusalemgangers" in *Die Kerkbode*, 9.3.1949, pp. 593-596; *Die Kerkbode*, 16.3.1949, pp. 660-662.
- 31) J. du Plessis: *Het Leven van Andrew Murray*, pp. 108, 129-130.
- 32) J.D. Nelson: *Die Jerusalemgangers*, klasskripsie, 1963, Stellenbosch.
- 33) 1/S.S.E. 2/1: *Criminal Record Books, Somerset East*, 18.6.1832, (K.S.A.).
- 34) G.H. 10/1 tot G.H. 10/3, Letters received from British resident, Bloemfontein, 1845-1849, (K.S.A.).
- 35) Sien kaart p.80.